DEPARTEMENT VAN LANDBOU, BOSBOU EN VISSERYE

NO. 251 **01 MAART 2019**

WET OF LANDBOUPRODUKSTANDAARDE, 1990 (WET No. 119 VAN 1990)

STANDAARDE EN VEREISTES BETREFFENDE BEHEER OOR DIE UITVOER VAN PERSKES EN NEKTARINE: WYSIGING

Ek, Billy Makhafola, ingevolge artikel 2(1) van die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet No. 119 van 1990), as Uitvoerende Beampte aangewys, gee hiermee kragtens artikel 4(3) (c) van die vermelde Wet, kennis dat –

(a) standaarde en vereistes betreffende beheer oor die uitvoer van Perskes en Nektariene soos gestipuleer in Goewermentskennisgewing No. R 1983 van 23 Augustus 1991 en afgekondig in Goewermentkennisgewing No. 1265 van 9 Oktober 1998, wysiging in Goewermentskennisgewing No. 19873 van 1 April 1999, No. 1244 van 22 Oktober 1999, No. 4214 van 10 November 2000, No. 2062 van 21 September 2001, No. 1716 van 13 September 2002, No. 1753 van 27 Junie 2003, No. 2235 van 15 Oktober 2004, No. 1975 van 4 November 2005, No. 1494 van 27 Oktober 2006, No. 1001 van 17 Agustus 2007, No. 1071 van 5 September 2008, No. 1004 van 1 Oktober 2009, No. 833 van 3 September 2010, No. 587 van 2 September 2011, No. 770 van 28 September 2012, No. 1012 van 11 October 2013 en No. 515 van 2 September 2016 hiermeee verder gewysig word; en

(b) die standaarde en vereistes in paragraaf (a) vermeld –

(i) ter insae beskikbaar is by die kantoor van die Uitvoerende Beampte: Landbouprodukstandaarde, Harvest house, Hamiltonstraat 30, Arcadia, Pretoria;

(ii) teen betaling van die voorgeskrewe bedrag vanaf die Uitvoerende Beampte Landbouprodukstandaarde, Department van Landbou, Bosbou en Visserye, Privaatsak X343, Pretoria, 0001, Tel. (012) 319 6231 of Faks (012) 319 6265 of e-pos DibetsoK@daff.gov.za teen betaling van die voorgeskrewe gelde of van die webwerf http://www.daff.gov.za; en

(iii) sewe dae na publikasie van hierdie kennisgewing in werking tree.

BILLY MAKHAFOLA
Uitvoerende Beampte: Landbouprodukstandaarde